menon of militarism. Militarism cannot merely be identified with military personnel; civilian militarists such as D'Annunzio, Barrés, Theodore Roosevelt and Treitschke have proclaimed the virtues of war.

Moreover, there are no meaningful comparisons to armies in other societies and countries. Max Weber's thesis that external pressure has a vital determining influence upon the evolution of a state's socio-political structure, also has relevance. It can be argued that Prussia's history illustrates that armies become influential in countries which experience foreign pressure constantly.

Although the army was undoubtedly a key factor in shaping the authoritarian Bismarckian Reich, as Kitchen rightly declares, the intellectual contribution was significant. The deification of the national state by Hegel had a profound effect on German thought in the 19th century and tended to have the effect of elevating the state above morality, of facilitating an uncritical acceptance of **Realpolitik.**

By viewing Germany's bid for world power in 1914 as an attempt by the ruling class to ease social tension by means of an aggressive foreign policy, the author is guilty of oversimplification. German militarsm in the Wilhelmine era must be viewed in a wider context: British hostility to Tirpitz's naval programme, the Moroccan crisis, the expansive tendencies of other European powers and so on.

Had Kitchen consulted works by Holger H. Herwig and Joseph Steinberg on the navy and its officer corps he might have benefited from perceptive insights into another part of the officer corps that he neglects entirely. He concentrates solely on the army. The importance of Admiral van Tirpitz's naval programme in strengthening militaristic tendencies at home and in Britan is ignored. Tirpitz was an astute manipulator of public opinion and his naval bills, in contrast to the army bills, were passed by the German parliament without great difficulty.

While the reviewer appreciates the difficulty of compressing nearly 300 years of the military history of Germany into a single readable book some discussion of the Polish campaign of 1830-31, Italy's role and the indemnity bill in 1866, the Zabern affair, the post war tank development and the North African campaign would have been welcomed. A brief analysis of the army's rôle in Germany's colonial ventures involving a study of the policies of men like Freiherr von Rechenberg, the progessively minded Governor of Tanganyika in the years 1906-11, would have been interesting.

Tactics, and the analysis of battles to illustrate military development, are neglected. For example, Ludendorff's spring offensive of 1918, in which he discovered a 'way through' the Western Front based on infiltration and junior leadership, is mentioned **en passant.**

**A Military History of Germany** is so constructed to present an explicit anti militarist thesis. Yet despite the book's many shortcomings and despite his didactism, the author demonstrates that military history, when not of the kings-and-battles brand, can be intellectually stimulating.

— Richard J. Haines.

**OORLOGSDAGBOEKIE VAN H. S. OOSTERHAGEN, JANUARIE-JUNIE 1902. Met inleiding, teksversorging en aantekeninge deur C. C. Eloff.** Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1976. Met foto's, kaarte en register, pp. 106. Prys: R3,35.

Sedert 1972 verrig die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN, onder leiding van dr C. M. Bakkes, uitstekende werk deur waardevolle geskiedkundige bronnepublikasies die lig te laat sien. Tot nou toe het 'n viertal van hierdie publikasies verskyn wat, tot hede, sowel militêr-historiese as ander fasette van die tydperk 1899-1902 in die Transvaalse geskiedenis belig.

In al hierdie gevalle is enkelinge, soos H. C. Bredell, P. J. du Toit, lt-kol S. P. E. Trichard (gewese kommandant van die Transvaalse Staatsartillerie) en — in hierdie geval — Henri Sicco Oosterhagen (Almelo, Nederland, 8 Augustus 1871 — Middelburg, Transvaal, 18 April 1953) aan die woord. Elkeen van hulle het die toenmalige oorlogsgebeure in ons land op hul eie manier ondervind en op hul eie wyse daarop gereageer. Vir elkeen van bogenoemdes het die oorlog aanleiding tot 'n bepaalde optrede gegee. Daar was Du Toit wat na die vyand oorgeloop het en Oosterhagen wat — ofskoon hy hier en daar sy bedenkings gehad het — tot die einde in die veld

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 2, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gebly het. Waar Du Toit hom nouliks oor sy beweegredes tot sy optrede uitgespreek het, (hy het gereken dat sy optrede die duur van 'n volgens hom uitsiglose stryd sou verkort), daar het Oosterhagen, wie se siening in sekere opsigte met dié van sy Boere-land-en tydgenote verskil het, die stryd aan Boerekant voortgesit.

Dit is hierdie uiteenlopende sienswyses wat, veral vir ons wat jare na die oorlog probeer om 'n beeld van dié gebeure te verkry, sowel meer diepte as skakerings verskaf wat ons in staat stel om die werklikheid van weleer beter te benader as uit algemeen beskrywende leesstof die geval is. Waar die toeligtende aantekeninge van die onderskeie bewerkers van hierdie outydse tekste die leser daarvan weerhou om tot onjuiste gevolgtrekkings te kom, kan bogenoemde en toekomstige publikasies van die reeds genoemde Instituut baie daartoe bydra om die werklikheid van weleer onder die oë van hulle te bring wat belangstel in ons dikwels kleurvolle verlede.

**H. S. Oosterhagen**

Henri Sicco (,Morester') Oosterhagen het hom in 1896 in Transvaal kom vestig. Sowel in Braamfontein as Lourenco Marques was hy in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) om na die uitbreek van die vyandelikhede na die ZA Republiek terug te keer. Hy het, nou in diens van die Informasieburo van die Rooi Kruis, te velde opgetree om naamlyste van gesneuweldes en gewondes op te stel. Na die inname van Pretoria (5 Junie 1900) het Oosterhagen, wat onder meer reeds met die Ermelose kommando in die Oranje-Vrystaat was, weer by hierdie eenheid aangesluit en uiteindelik 'n tuiste gevind by di erapportgangerskorps van kmdt-genl Louis Botha. As een van die ,Kaggelpypers' het Oosterhagen tot die einde van die krygsverrigtings in die veld gebly.

**Die bronne**

Onder die nagelate aantekeninge van Oosterhagen neem 'n tweetal oorlogsakboekies 'n belangrike plek in. In een van hulle het hy onder meer kortliks sy omswerwings oor die tydperk 1 Januarie 1902 — 4 Junie 1902 aangeteken. Hierdie gedeelte is veral van belang omdat die leser hier 'n getroue weergawe verkry van die wyse waarop die Boere te velde rondgetrek het (Oos-Transvaal). Die weergawe van hierdie gedeelte (Nederlandse teks, Afrikaanse teks) beslaan 50 bladsye van die publikasie. Hieraan is, ook van Oosterhagen se skriftelike nalatenskap ontleen, bylaes A — G toegevoeg.

Bylae A handel oor die vrylating van komdt J. G. Kriegler, bylae B oor dieselfde onderwerp (aantekeninge), bylae C oor 'n voorval op die stasie van Germiston (29 Mei 1900, genl S. W. Burger), bylae D oor die Kaggelpypers, bylae E is 'n naamlys van die vermoordes te Holkrans (6 Mei 1902), bylae F bevat die tekste van die gedigte ,Aan die getrouwe (?) National Scouts' en ,Aan eenen verrader des vaderlands.' In bylae G kom die gedig ,De proclamatie of papieren bom' (met Engelse teks) voor. Ten slotte volg 'n uitgebreide, goedversorgde bronnelys.

**Waardering**

Soos reeds vroeër aangehaal is, is die publikasies van die Instituut belangrik. Dit geld ook tov Oosterhagen se oorlogsdagboekie, 'n dokument uit 'n tydperk waaromtrent, as gevolg van die Britse besetting van die administratiewe sentrum van die ZA Republiek, 'n skaarste aan gegewens ontstaan het. Maar daar is meer. Wanneer daarop bogenoemde gediggies gelet word, kom die felheid van die stryd, die verguising van die verraad, duidelik aan die lig. Interessant is prof dr A. van Selms se kommentaar waaruit blyk dat ,Aan eenen verrader des vaderlands' van die laatagtiende eeuse Nederlandse digter J. Bellamy afkomstig is. Die Holkransmoord was een van die groot tragedies van die oorlog.

Die groot verskeidenheid van die inhoud van hierdie publikasie is een van dié faktore wat 'n groot belangstelling sal verseker. Dieselfde is ook die geval met Oosterhagen se persoonlike ontboesemings op pp. 55-65, waarin hy — as 'n betreklike vreemdeling onder die Boerestryders — te midde van sy persoonlike aanpassingsprobleme — soek en tas, opstaan en val om sy plek te vind in 'n samelewing wat geleidelik sy geestelike besit geword het. Dat Oosterhagen — te midde van hierdie worsteling — bereid was om sy gewig by die strydende burgers in te werp en as 'n bittereinder die wapen neer te lê, getuig van 'n oorwinning wat in die jare wat voorgelê het, rus aan sy gemoed sou gee.

Ek wil hier graag van die geleentheid gebruik maak om die bewerker te bedank vir die deeglikheid waarmee hy te werk gegaan het om teksgedeeltes nader toe te lig. Waar Oosterhagen 'n beknopte oorlogsdagboek nagelaat het, is daar baie van die bewerker se vernuf en speursin geverg om op te helder wat vir die hedendaagse leser opklaring vereis het.

Mag die publikasie en die bewerker dié waardering vind waarop hulle myns insiens geregtig is.

— Jan Ploeger.

**T. J. LUCAS: CAMP LIFE AND SPORT IN SOUTH AFRICA. Experiences of Kaffir warfare with the Cape Mounted Rifles. London, 1878.** Africana Reprint Library, deel II. Johannesburg, 1975.

Onlangs het die **Africana Book Society,** posbus 1071, Johannesburg, begin met die uitgee van faksimileherdrukke van 'n aantal bekende werke oor verskillende aspekte van ons verlede. As nr 2 in hierdie reeks het vaandrig (later kapt) Thomas John Lucas se bogenoemde werk, nou voorsien van 'n kort, verklarende inleiding deur H. C. Hummel, verskyn.

Hierdie werk, in 'n onderhoudende trant geskryf deur 'n waarnemer met 'n wydverspreide belangstelling, bied 'n aantal kosbare gegewens sowel vir die student van ons militêre verlede as vir die volkekundige en die natuurliefhebber.

Ons land was 'n eldorado vir liefhebbers van die wildlewe om van die jagters nie eers melding te maak nie en in Lucas se werk kan hulle ure van genot deurbring.

Wat ons veral in Lucas se publikasie interesseer is sy deelname aan die agste grensoorlog (1850-1853), sy aantekeninge in verband met die slag by Berea (20 Desember 1852) en sy indrukke van Bloemfontein (1853) wat hy, as 'n lid van die gevolg van sir George Clerk, kort voor die onafhanklikheidswording van die toenmalige Oranjeriviersoewereiniteit besoek het.

### Vaandrig Lucas na die Kaap. Grahamstad

Vaandrig Lucas het met die skip ‚India' kort voor die uitbreek van die reeds genoemde grensoorlog van Engeland in Kaapstad aangekom. Hy was ingedeel by die **Imperial Cape Mounted Rifles.** 'n Britse koloniale eenheid wat in Grahamstad gestasioneer was en in 1878 ontbind is. Hierdie eenheid het, saam met die **Cape Mounted Rifles,** wat deur die Kaapse owerhede gefinansier was, bekendheid verwerf.

Lucas het, tydens sy verblyf in Suid-Afrika, eers onderdak in die Kaapstadse Kasteel gevind en is daarna met 'n seilskip na Port Elizabeth (Algoabaai) om vervolgens te perd na Grahamstad af te reis. Sy eenheid se sterkte was op dié tydstip ongeveer 800, waarvan 2/3 blankes en 1/3 nie-blankes. Berede grensdiens is verrig en die nie-blankes het hulle veral as spoorsnyers onderskei, terwyl hulle-bewapen met dubbelloop Victoria-karabyne (p. 50) redelike goeie skuts was. Hulle was goed in skermutselinge, maar het soms oorgeloop na die vyand.

Dit was, aldus Lucas, een van die redes wat tot die latere ontbinding van die **Imperial CMR** gelei het.

Ten tye van die aankoms van vaandrig Lucas op Grahamstad was kol (later genl-maj en KCB) sir Henry Somerset, ook bekend as ‚Baron Jack' en 'n oud-stryder van Waterloo, bevelvoerder van die **Imperial CMR**.

Die eenheid het oor 'n ryskool beskik en op p. 57 verneem die leser meer oor die eienskappe van Kaapse perde wat deur die eenheid gebruik is. 'n Paradebeskrywing kom op p. 65 voor.

### Fort Brown

In hoofstuk 6 word hierdie grenspos, wat 'n deel van 'n linie gevorm het wat deur die **Royal Engineers** aangelê is, noukeurig beskryf. Vaandrig Lucas was hier met 'n troep gestasioneer.

### Die grensoorlog (1850-1853)

Na beskrywings van die Fingo's, Natal, die Kimberleyse diamantveld en Graaff Reinet, is hoofstuk 11 aan die grensoorlog gewy. Dit is 'n puik hoofstuk oor die nie-blanke gevegstaktiek, die optrede en betreklike waardeloosheid van die milisie, die gedeeltelike afwesigheid van uniformstukke (onprakties) en die feitlike vryheid van dissipline tydens skermutselinge waar elkeen op eie houtjie opgetree het, in die ruie boswêreld en die taktiek van die nie-blankes oorgeneem is.